SONDAG 17 JANUARIE 2009

NG WAVERLEY

JOHANNES 5:18-23

BOU ONS MURE OF BOU ONS BRÛE?

KONFLIK TUSSEN JESUS EN DIE FARISEËRS

Een van die temas wat in die evangelies weer en weer opduik, is die konflik tussen Jesus en die Fariseërs. In daardie tyd was die Fariseërs die mees invloedryke godsdienstige groep in die Joodse kultuur.

AGTERGROND VAN DIE FARISEËRS

Die Fariseërs het in die laaste 300 jaar voor Jesus na vore gekom. Hulle was daarvan oortuig dat die ballingskap God se straf was omdat die volk Israel nie die Torah gehoorsaamheid het nie. Die Torah is die eerste vyf boeke van die Bybel wat ook bekend gestaan het as die wette van Moses. Ten einde ‘n herhaling van die ballingskap te voorkom, het die Fariseërs met pynlike noukeurigheid die wet bestudeer en wette en reëls bygevoeg sodat ‘n mens nie dalk per ongeluk die wet oortree nie.

Daarom het die Fariseërs bepaal wat in die tempels geleer word; wie die potensiaal het om ‘n Fariseër te wees en wat die opkomende Fariseërs geleer moet word.

DIE FARISEËRS SE BOODSKAP

Tog het God die Fariseërs gebruik om die mense voor te berei vir Jesus se koms en die boodskap wat Hy sou verkondig. Die Fariseërs se boodskap het waarhede bevat waarop Jesus, en later ook Paulus sou uitbrei. Die Fariseërs het onder andere hierdie waarhede geleer:

1. Hierdie is nie die enigste wêreld of die enigste lewe nie. Daar is ‘n wêreld – die geesteswêreld - buite hierdie wêreld en hierdie geesteswêreld is betrokke by dit wat in hierdie wêreld gebeur. Hierdie geesteswêreld sluit engele in, maar dan ook God self. Ook die Satan is deel van hierdie geesteswêreld.
2. Die dood is nie die einde van alles nie, daar is lewe na die dood waar ‘n mens bewus sal wees van waar jy is en wat rondom jou aangaan, net soos jy nou bewus is van waar jy is en wat rondom jou aangaan. Die lewe na die dood is bedoel vir die wat die wet van Moses gehoorsaam. Wanneer die Messias weer kom sal die tyd wees wanneer die dooies opgewek sal word en dit sou die begin van die Messiaanse tyd wees.

Die boodskap wat Jesus verkondig het, het voortgebou op hierdie waarhede en dit meer betekenis gegee. Jesus het ook baie kere regstellings gemaak op die manier waarop die Fariseërs die boodskap verkondig het. Maar, Jesus het ook nuwe waarhede geleer. Onder andere het Jesus die boodskap van ‘n persoonlike verhouding met God op so ‘n manier verkondig, dat die Fariseërs dit as Godslaster beskou het. Jesus het kom wys en kom leer van ‘n persoonlike verhouding met die Vader waaroor geen mens ooit kon droom nie. ‘n Persoonlike verhouding met die Vader wat sal herinner aan die verhouding wat manne soos Moses en Josua

en Dawid en Elia en die profete met God gehad het. ‘n Een tot een verhouding waar God met ‘n mens praat soos ‘n Vader met sy kind praat.

DIE FARISEËRS HET OOK GEDWAAL

Die Fariseërs het deur hulle boodskap mense se harte en gedagtes voorberei vir die waarheid van Jesus die Seun van God, maar dan was daar ook die sake waar hulle heeltemal verkeerd verstaan het. Vir hulle was gehoorsaamheid aan die Sabbatsgebod en reinigingswette ononderhandelbaar. Gehoorsaamheid aan hierdie twee gebooie was die sigbare bewys dat iemand regtig ernstig is sy poging om die Torah te gehoorsaam en dan natuurlik by die koms van die Messias uit die dood opgewek sou word.

Sabbat.

Jesus se doen en late op die Sabbat was vir die Fariseërs ‘n baie ernstige steen des aanstoots. In hierdie gedeelte wat ons gelees het, sien ons dat dit juis een van die strydpunte tussen Jesus en die Fariseërs geword het.

“Jesus sê toe vir hom: ‘Staan op, tel jou goed op en loop.’ Oombliklik het die man gesond geword, sy goed opgetel en geloop. Dit was ‘n sabbatdag.” (Johannes 5:8-9)

By geleentheid toe Jesus by die Bad van Betesda kom, het Hy ‘n verlamde man gesien wat daar gelê het. Sonder huiwering het Jesus die man gesond gemaak. Die enigste probleem was dat die man op ‘n sabbatdag genees is en dat hierdie man wat nou gesond gemaak is dit gewaag het om op die sabbat sy goed rond te dra. Dit was ongehoord. Daar was baie streng beperkings op wat ‘n mens op ‘n sabbat kon doen en wat nie. Jy mag definitief nie enige goed ronddra nie.

“Die man het vir die Jode gaan vertel dat dit Jesusis wat Hom gesond gemaak het.” (Johannes 5:15)

“Die Jode het toe teen Jesus te velde getrek omdat hy dit op ‘n sabbatdag gedoen het.” (Johannes 5:16)

Toe hulle ontdek dat dit Jesus was wat vir hierdie man gesê het dat hy sy goed moet optel en loop, het hulle woedend gereageer oor die feit dat Hy mense aanmoedig om die sabbat te ontheilig, want hier was ‘n man wat dit wat vir hulle waardevol en kosbaar en reg en heilig is, te ondermyn.

Maar Jesus was gereed, Hy het ‘n antwoord gehad. ‘n Antwoord waarop die Fariseërs nie ‘n antwoord gehad het nie:

“My Vader werk tot nou toe en ek werk ook.” (Johannes 5:17)

“Hieroor het die Jode nog des te meer probeer om Jesus dood te maak: Hy het nie net die Sabbatdag ontheilig nie, maar ook God sy Vader genoem.” (Johannes 5:18)

Die Jode het soveel aanstoot geneem, dat hulle probeer het om Jesus dood te maak. Nie net omdat Hy die sabbatdag ontheilig het nie, maar ook omdat Hy God sy Vader genoem het. ‘n Mens kan beplan om iemand dood te maak, maar jy mag net nie ons gebruike en werkswyse en maniere ondermyn of bevraagteken nie.

Oor ‘n tydperk van 300 jaar het die Fariseërs hulle meer en meer beskerm teen invloede van buite. In die laaste 300 jaar moes die Jode en die Fariseërs die moontlike invloede van die Siriërs en die Egiptenare en vir die laaste 200 jaar van die Romeine beskerm.

Ten einde hulle teen hierdie moontlike invloede van buite te beskerm, het die Fariseërs vir hulleself ‘n heerlike veilige plekkie geskep waar die invloede van buite afgeweer kon word. Toegespin in ‘n kokon was hulle veilig, was alles voorspelbaar en het daar selde iets gebeur wat die boot geskud het, hulle was in beheer.

Nou verskyn Jesus op die toneel. Jesus skud die bootjie. Alhoewel die Fariseërs seker is van hulle saak en van hulle teologie en hoe hulle ding doen en wat hulle doen en wat hulle nie doen nie, lê hulle bekommernis op Jesus se invloed op hulle volgelinge. Hulle bestaan is nie meer so vredevol en veilig en voorspelbaar nie. Wie weet wat alles gaan gebeur as ons hierdie Man toelaat om op hierdie manier voort te gaan, dinge gaan nie bly soos dit is nie. Die “status quo” sal nie meer gehandhaaf kan word nie.

Ons weet nou al dat Jesus se koms ‘n dramatiese feitlik aardskuddende verandering tot gevolg gehad het. Vroeg vroeg was daar reeds van die leiersfigure van die Jode wat begin wonder het. In Johannes 3 lees on bv. van Nikodemus wat in die nag na Jesus toe gekom het. In die nag, want as van sy kollegas geweet het dat hy daar was, sou hulle dit as verraad beskou het.

Soos hulle in Engels sê: “There was a new kid on the block.”

Vir 300 jaar kon die Fariseërs hulle eie turf en hulle eie koninkrykie beskerm en beskut en bewaar. En nou...

VERANDERINGE VANDAG

Vandag vat dit nie meer solank vir dramatiese kultuurveranderinge om plaas te vind nie. Met die verloop van tyd het veranderinge al hoe vinniger begin gebeur en het die tyd wat dinge dieselfde bly al hoe korter geword. Veral in die wêreld en die lewe buite die kerk. En as ons daaraan dink dat die kerk eintlik bestaan ter wille van die wat nie deel van die kerk is nie, loop ons as gemeente die gevaar om ons bestaansdoel te mis.

In die laaste 100 jaar was daar verskillende geslagte, elkeen met sy eie unieke eienskappe en maniere van lewe. As kerk staan ons voor die uitdaging om hierdie geslagte te verstaan en op so ‘n manier kerk te wees, dat ons die mense met die boodskap van God se liefde en genade sal bereik.

Die punt wat ek wil maak is:

Die kultuur en die manier waarop mense dink en doen en leef, verander teen die spoed van lig. As ons ernstig is oor dit wat God met hierdie wêreld wil bereik, sal ons nie net kennis moet neem van hierdie veranderinge nie, ons sal ook moet aanpas by hierdie veranderinge.

Op hierdie stadium is daar in hierdie gemeente ten minste vier geslagte, elkeen met sy eie unieke einskappe.

Baby Boomers: 1946-1964

Generation X: 1965 - -1975 Die eerste geslag wat blootgestel is aan massakommunikasie in die vorm van TV.

Generation Y: 1975 – 2000 Hierdie geslag is die ontnugterde geslag. Hulle voel die ouers het nie goed gedoen met die wêreld nie en hulle is van plan om ‘n verskil te maak. Hierdie is die geslag wat in ‘n groot mate hulle rug gedraai het op die tradisionele wat ook die kerk insluit. Die kerk moet die geleentheid aangryp om hierdie geslag effektief te bereik, of ons gaan binne ‘n paar jaar sien dat die aantal mense wat kerk toe gaan al hoe minder raak en dat al hoe meer kerke hulle deure sal moet toemaak.

Dit is baie belangrik dat ons in die behoeftes van elke een van hierdie geslagte voorsien, maar dit is meer krties dat ons in gedagte hou dat die gemeente vir baie jare moet voortbestaan. Ons moet toekoms dink. Die toekoms van die kerk lê by die mense wat na 1964 gebore is, maar meer by die mense wat na 1975 gebore is, maar ons kan nie bekostig om die mense wat tussen 1975 en 2000 gebore is te mis nie. Die ontsellende is dat ons hulle in ‘n groot mate reeds gemis het.

Op hierdie stadium behoort net 30% van Generasie Y aan ‘n kerk waarvan net 30% kerk toe gaan. Dit beteken dat net 10% van die mense onder 40 vandag kerk toe gaan, terwyl 38% van die geslag voor hulle kerk toe gegaan het. As die kerk nie hierdie geslag bereik nie, gaan die kerke binne twintig jaar die een na die ander toemaak.

Ons kan nie beskostig om aan te hou om dinge te doen soos ons dit nog altyd gedoen het nie. “Business as usual” is nie die beste vir die kerk nie.

KULTUURSKOK VIR DIE FARISEËRS

Jesus se koms was ‘n kultuurskok vir die Fariseës. Alhoewel sy koms die grootste kultuurskok was, was daar ook ander dinge wat die Fariseërs se sekuriteit en sekerheid bedreig het. Binne die Joodse geloof was daar ook die Saduseërs; daar was ook die Romeinse oorheersing wat amper weer soos ‘n ballingskap was. Hulle moes op alle fronte wal gooi.

Vir die eerste keer is daar ‘n Persoon op wie hulle die skuld sou kon pak en die mag sou hê om Hom uit te skakel en vroeg in Jesus se bediening het hulle reeds begin beplan om Hom te neutraliseer.

Op die ou end het die Fariseërs wel daarin geslaag om Jesus dood te maak en Hom te laat kruisig, maar hulle oorwinning was tydelik. Jesus het uit die dood uit opgestaan en lewe vandag nog. En ons beleef vandag nog die impak van die oorwinnende Jesus terwyl die leer van die Fariseërs slegs in ‘n baie klein groepie ortodokse Jode voortbestaan.

JESUS ONS VOORBEELD

“Dit verseker ek julle: Die Seun kan niks uit sy eie doen nie. Hy doen net wat Hy die Vader sien doen; wat die Vader ookal doen, doen die Seun ook net so.” (Johannes 5: 19)

Jesus het die mens van sy tyd geken en verstaan. Hy het geweet wat hulle behoeftes is en hoe Hy hulle sou kon bereik. Na alles wat gebeur het, het hulle getwyfel of God wel die Almagtige is en in hulle alledaagse lewe betrokke is. Die wonderwerke wat Jesus in gehoorsaamheid aan die Vader gedoen het, het hulle laat besef: Ons God lewe en Hy kan ingryp. Hy kan ons situasie en ons omstandighede verander.

Jesus het ook geweet dat hulle verward was oor alles wat die Fariseërs hulle geleer het, en daarom het Hy die meeste van sy tyd gebruik om mense te leer.

Maar, Jesus het nie op sy eie gewerk nie. Wat hierdie vers impliseer is dat Jesus nooit die inisiatief geneem het nie. Al wat Hy gedoen het, was om te kyk waar die Vader aan die werk is, en dan te doen wat Hy die Vader sien doen.

Ek wonder of hierdie nie dalk die belangrikste saak is waarin ons navolgers van die Here Jesus Christus moet wees nie. Is hierdie nie dalk wat dit beteken om onder die leiding van die Heilige Gees te lewe nie? Is dit nie dalk wat Jesus bedoel het toe Hy gesê het: Soos die Vader my gestuur het, stuur ek julle ook nie?

Kyk wat die Vader doen, dan doen julle dit ook!

Sedert die sondeval is God met die skepping oppad. Hy het nooit sy rug op die skepping gedraai nie. In Jesus se tyd was die Vader besig om die mense opnuut weer bewus te maak van wie Hy is en wat sy doel met die skepping is. Jesus het daarby aangesluit.

Deur die jare was die Vader elke keer weer op ‘n ander manier met die skepping oppad.

Om te sien waarmee die Vader besig is, vereis ‘n radikale persoonlike verhouding met God. Jesus se versoenings-sterwe en oorwinnende-opstanding en die Heilige Gees se ononderbroke nabyheid, maak hierdie radikale persoonlike verhouding moontlik.

Jesus het gewys dat ‘n radikale verhouding met God ‘n Vader-kind verhouding is.Vir die Fariseërs het ‘n persoonlike verhouding met God gehoorsaamheid aan die volgens hulle onveranderlike wet beteken en in daardie verandering bly alles soos dit nog altyd was.

SKUILPLEK OF WERKPLEK

Jesus het die Fariseërs met ‘n keuse gekonfronteer. Kies vir skuilplek of werkplek.

Skuilplek beteken wegkruip. Werkplek beteken om te soek na dit waarmee die Vader besig is, en saam met Hom werk in dit waarmee Hy besig is. Skuilplek bou ‘n muur. Werkplek bou ‘n brug. Skuilplek beteken sekerheid. Werkplek beteken risiko. Skuilplek beteken voorspelbaar. Werkplek beteken onvoorspelbaar.

Die Fariseërs het gekies vir skuilplek.

Ons weet nou al dat die Fariseërs vir skuilplek gekies het. En met daardie keuse het hulle hulleself al hoe meer **geïsoleer**. Mure gebou en die bekende beskerm. Mure gebou en hulle leefstyl beskerm. Mure gebou en voortgegaan om dinge te doen soos hulle dit nog altyd gedoen het. Binne daardie mure het hulle iets in stand gehou wat buite die mure lankal nie meer bestaan het nie. Binne daardie mure het hulle God se doel met sy skepping gemis. En toe iemand kom wat hulle uitdaag om God se doel weer raak te sien, toe kon hulle nie.

Binne hierdie mure was daar ook **ontkenning**. Veranderinge? Ek sien niks wat verander het nie. Ek sien mense wat van ons verskil, maar dit is vir ons niks nuuts nie. Hulle was maar nog altyd daar en ons kon in die verlede sterk staan teen hierdie veranderinge, en ons sal dit weer doen. Vir ons is dit “business as usual”. Hierdie kastige veranderinge is maar net nuwe giere en ‘n poging om die styl van die wêreld hier tussen ons in te bring. Met tollenaars en sondaars eet... wat wou.

Jesus het gekies vir werkplek.

Daarenteen kies Jesus vir werkplek. Dit het beteken dat Hy dikwels nie geweet het wat volgende gaan gebeur nie. Hy het die hele tyd gesoek na tekens sodat Hy kan weet waarmee die Vader besig is en dan te doen waarmee die Vader besig is. Die Vader was met sy wêreld oppad en vanuit ‘n radikale verhouding met die Vader was Jesus saam met die Vader oppad.

Ek doen niks uit myself nie. Wat ek die Vader sien doen, doen ek ook.

Jesus was 100% mens net soos ek en jy. Daarom is Hy vir ons ‘n voorbeeld oor hoe ons saam met die Vader in sy wêreld aan die werk moet wees. Jesus het nie voorregte by God gehad wat ons nie het nie. In die evangelies lees ‘n mens weer en weer dat Jesus een kant toe gegaan het of op sy eie was of dat Hy gegaan het om te gaan bid en dit was die manier waarop Hy sy radikale verhouding met die Vader in stand gehou het. Dit is hoe ons dit ook moet doen.

Ek speel ‘n bietjie kitaar. Een van die nadele van ‘n kitaar is dat hy elke keer gestem moet word voordat jy weer kan speel. Renate stem gewoonlik my kitaar op gehoor, maar vir haar om te kan hoor wanneer die kitaar nie op dieselfde noot is as die klavier nie, moet dit stil wees. Sy moet konsentreer, mooi luister om te weet wanneer die twee instrumente op dieselfde toonhoogte is en eers dan kan ons saam musiek maak. In stil tye alleen by God gebeur dieselfde. Alleen by God stem Hy my in op dieselfde toonhoogte as wat Hy is, en dan is ons in harmonie, en dan kan ons musiek maak en kan ek sien wat Hy doen sodat ek kan doen wat Hy doen..

Juis daarom leef en verkondig Jesus ‘n boodskap van ‘n radikale verhouding met die Vader.

‘N BOODSKAP VAN RADIKALE VERHOUDING

Baie mense het Jesus gevolg en was nuuskierig en selfs opgewonde oor dit wat Hy geleer het. Hulle het baie moeite gedoen om sy boodskap te hoor, maar van tyd tot tyd was die boodskap ook ‘n uitdaging: Volg my! Maar hierdie volg is ‘n radikale volg, ‘n radikale verhouding. Dit sou selfs kon beteken dat ek my rug sal moet draai op my ouers en my familie.

Wanneer Jesus die uitdaging tot hierdie radikale verhouding met die Vader maak, het die menigtes omgedraai en huistoe gegaan. Net die dissipels kon sê: Waarheen sal ons gaan? Ons het nêrens om heen te gaan nie!

As ek sien waar die Vader aan die werk is, dan doen ek wat ek die Vader sien doen, maar ek doen dinge ook soos ek die Vader dit sien doen. Nie met oordeel nie, maar met liefde en genade; nie deur mense uit te sluit nie, maar mense in te sluit; nie te wag totdat mense verander nie, maar vir mense ruimte te skep om te verander.

God is op ‘n missie. God is in hierdie stukkende, sondige, opstandige, moedswillige wêreld aan die werk en mense in ‘n radikale verhouding met die Vader is saam met Hom op hierdie missie.

Sou dit nie wonderlik wees as elkeen van ons vanoggend in hierdie erediens sou kies vir hierdie radikale verhouding met die Vader nie.

Vir ons is die wêreld waarin ons leef die Moot omgewing en meer spesifiek Waverley. Jy is nie toevallig hier nie. God is nie verras met die feit dat jy in 2010 in hierdie omgewing en in hierdie gemeente is nie. Hy het jou hier geplaas. Hy het vir jou alles gegee wat Hy nodig het, let wel nie wat jy nodig het nie, maar wat Hy nodig het sodat jy deel kan wees van sy werksmag. As jy kies om in ‘n verhouding met God te lewe, dan is jy onmiddelik deel van die Vader se werksmag.

Ons moet kies vir werkplek en nie vir skuilplek nie. Een van die gemeentes in Pretoria noem hulle gemeente “Kerk Sonder Mure.” ‘n Ander gemeente noem hulleself Lux Mundi – lig vir die wêreld. Die name sê vir my iets van hierdie waarheid: Op soek na die Vader aan die werk, sodat ons kan doen wat Hy doen.

Kom ek noem ‘n voorbeeld van waar die Vader aan die werk is.

Binne klipgooiafstand van ons gemeente is daar vyf skole. As ons almal bymekaar tel, dan is daar ongeveer 4000 kinders en tieners in ons omgewing.

Maar dit is nie net die kinders en tieners nie, dit is ook hulle ouers. Hier is ten minste 2000 kinders jonger as dertien in ons omgewing. Hulle ouers is meestal jonger as veertig. As ons aanvaar dat die helfte van daardie kinders se ouers geskei is, is hierdie 3000 ouers onder veertig in ons omgewing. In totaal 7000 mense in ons omgewing.

Waar is daardie mense? Dit is die mense waarvan net 30% aan ‘n kerk behoort en net 10% eredienste bywoon. Vra vir die ouers onder 40 wat die eredienste bywoon, hulle sal vir jou sê hoe min van hulle ouderdomsgroep woon eredienste by.

Maar, hier is die nuus. Die Vader is in hierdie mense aan die werk. Hierdie geslag mense is op soek na een of ander vorm van ‘n geestelike belewenis. Wat eintlik gebeur, hulle ontdek die feit dat God die mens geskep het met ‘n honger na Hom.

Die kerk van die Here Jesus staan voor ‘n keuse: Skuilplek of werkplek. ‘n Muur of ‘n brug.

As hulle mense sien met ‘n radikale verhouding met die Vader, gaan hulle besef: Ek wil dit ook hê. As ons ‘n brug bou na hulle toe en nie ‘n muur bou om onsself te beskerm teen verandering nie, gaan hulle beleef dat mense met ‘n boodskap van liefde en genade na hulle toe uitreik.

Ons kan ‘n brug bou na die ouers van die kinders wat saam met ons kinders op skool is. Ons kan ‘n brug bou na die ouers wat langs ons of naby aan ons in die skool is. Ek konsentreer op hierdie mense, want dit is die geslag wat ons besig is om te verloor.

‘n Keuse vir werkplek is om te kies vir openheid. Openheid wat sê: Ter wille van die koninkryk en die toekoms van die kerk en die nood van die mense rondom my, is ek bereid om te verander. In my lewe is daar geen heilige koeie nie. Niks wat onaantasbaar is nie.

Ek wil ‘n brugbouer wees. Ek wil ‘n brug bou vanuit die kerk na die wêreld. Na die Waverley gemeenskap waarbine God ons geplaas het. As die mense van Waverley by ons gebou verby ry, moet hulle sê hierdie gemeente is besig om ons wêreld te verander. Omdat hierdie gemeente hier is, is Waverley ‘n beter plek om in te bly. Hierdie gemeente bring hoop waar mense hoop nodig het. Hierdie gemeente bring troos waar troos nodig is. Hierdie gemeente verlig nood waar nood beleef word. Hierdie gemeente verander sodat hulle deel kan wees van God se werk in hierdie wêreld. Hierdie mense het wat ons graag wil hê: ‘n Geestelike belewenis op ‘n daaglikse wyse in hulle tye alleen by God en in hulle kontak met God en ‘n weeklikse kontak wanneer hulle in daardie gebou saamkom en God aanbid.

God se werkplek is hoofsaaklik op twee plekke: In die kerk en in die wêreld. In die erediens en in die gemeenskap. Die erediens sal nie ‘n plek kan wees waar ons vashou aan die bekende en die voorspelbare en oue nie. Die erediens sal meer en meer ‘n plek moet word waar mense beleef dat God aanbid word deur mense wat aan Hom behoort. Die erediens sal al hoe meer ‘n

plek moet word waar God ons oë oopmaak vir wat besig is om te gebeur sodat ons in God se werksplek God met ons lewe kan aanbid soos ons God in die erediens met ons hart en siel aanbid en God in sy werkplek met al ons verstand en al ons krag aanbid. Dit is juis een van ons drome in hierdie jaar om van die eredienste ontmoetingsgeleenthede te maak waar mense hulle behoefte aan ‘n geestelike belewenis en geestelike leefstyl kan bevredig.

God se missie is nie die kerk nie. God se missie is die wêreld.

God se werk in die wêreld is belangriker as God se werk in die kerk. Die kerk en ‘n gemeente en ‘n kind van God kan agterbly en nie deel wees van God se missie nie. God gaan nie die pas stadiger maak ter wille van enige iemand nie. God sal onder ‘n kerk en ‘n gemeente uitbeweeg as dit nodig is nie. God is nie van enige mens afhanklik om te doen wat Hy wil doen nie.

Aan die begin van 2010, staan ons as geloofsgemeenskap in die NG Kerk Waverley voor ‘n reuse uitdaging: Gaan ons kies vir skuilplek of werkplek? As ons aan die einde van 2010 nog steeds dinge doen soos ons dit tot nou toe gedoen het, het ons skuilplek gekies. As ons aan die einde van 2010 kan wys hoe ons elkeen in ‘n radikale verhouding met God gegroei het, dan het ons werkplek gekies. As ons aan die einde van 2010 kan wys waar ons ‘n verskil in Waverley gemaak het en waar Waverley ‘n beter plek is omdat ons hier was, dan het ons werkplek gekies.

Amen